# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

14/2026 (Skippertjie nr. 64) 24 April 2026

## IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Langnaweek
2. Wintersdrag
3. Die Aalwyn klerewinkel
4. Netbal
5. Skaak
6. Johann Muller o.11 rugby- en netbaltoernooi
7. Koorfees
8. Rugby- en netbaluitslae
9. Skooltye vir 2026
10. Skoolfonds vir 2026

*"We're all imperfect parents and that's ok. Tiny humans need connection not perfection."*
L.R. Knost

*"If you've never been hated by your children, you haven't been a parent."*
*Bette Davis*

**Afrikaanse idioom van die week**

**Buig die boompie terwyl dit jonk is!**
*Lê 'n kind se karakter en waardes vas in sy/haar kinderjare.*

**2026 SKOOLKWARTALE**

**2de:** 8 April – 26 Junie
**3de:** 21 Julie – 23 September
**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

Ek wyk hierdie week van ons tema van omgee af om 'n baie belangrike saak rakende ouerskap met u te deel. Ek het hierdie gedeelte die ander dag vanaf iemand ontvang. Julie Lythcott-Haims van Stanford Universiteit skryf in haar boek, *Gee jou tiener vlerke*, die volgende van eerstejaarstudente: *"I saw the damage that overparenting caused: students were lost, anxious and depressed. They did not know how to handle life when it didn't go their way."* Ons weet dat ouers altyd net die beste vir hulle kinders wil hê, maar navorsing bewys al meer en meer dat kinders wat deur oorbeskermende, oorbetrokke en mikro-besturende ouers grootgemaak word baie skadelik vir die kind kan wees. Ouers het deurmekaar geraak met wat hulp, liefde en omgee vir hul kind eintlik beteken. Ouers moet toelaat dat hul kind soms misluk, sukkel en pyn beleef. 'n Mens groei en raak sterker slegs wanneer mens met iets sukkel of ongemak en pyn beleef. Wanneer ouers ophou om die uitkoms te probeer beheer, kan die kind ervaar hoe hulle besluite hulle laat voel en ervaar watter impak hul besluite op hulle eie lewens het. Voorbeelde hiervan is om die pyn te ervaar van 'n toets druip omdat hul nie genoeg geleer het nie, ervaar hoe om verantwoordelikheid te neem daarvoor as hulle iets verkeerd gedoen het of iets by die huis vergeet het. Jou doel as ouer moet wees om seker te maak dat jou kind selfstandig raak en om self verantwoordelikheid te neem. Gun jou kind die vryheid om foute te maak terwyl jy nog betrokke is, sodat hulle kan leer hoe om die lewe se uitdagings te kan oorkom en inherent sterk kan word. Baie sterkte met die taak van ouerskap. Seën vir almal.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

**1. Langnaweek**

Neem asb. kennis dat Maandag, 27 April (Vryheidsdag) en Vrydag, 1 Mei (Werkersdag) openbare vakansiedae is en daar dus geen skool op daardie dae is nie. Die skool gaan normal aan die res van die week. **Die skool sal wel op Donderdag 30 April om 13:00 verdaag vir alle leerders.**

**2. Wintersdrag**

Die weer het vinnig koeler geraak. Leerders mag vanaf Maandag, 4 Mei wintersdrag skool toe aantrek. Maak asb. seker dat u kind elke dag korrek aangetrek is vir skool. Ook wat betref algemene netheid soos hare, skoene, bykomstighede, ens. Baie dankie vir almal se samewerking.

**3. *Die Aalwyn* klerewinkel**

Ons is baie opgewonde oor ons splinternuwe klerewinkel. Die winkel verkoop goeie gebruikte skoolklere, asook trotse Park produkte. U kan dit gerus besoek en kyk wat daar beskikbaar is. Die winkel is Maandae tot Donderdae, 12:30 – 14:15 oop.

## Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za

### VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 27 Apr: Vryheidsdag (geen skool)
Di, 28 Apr: Normale skool en sport
Wo, 29 Apr: Rugby en netbal vs Wesbank
Do, 30 Apr: Normale skool
Geen sportoefeninge
o.11 rugby- en netbaltoernooi
Skool verdaag 13:00
Vr, 1 Mei: Werkersdag (geen skool)
o.11 rugby- en netbaltoernooi
Sa, 2 Mei: o.11 rugby- en netbaltoernooi
Tennis: Eden Grand Prix




### BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**4. Netbal**

Baie geluk aan Charlin Kannemeyer (o.12) wat deurgedring het na die Wes-Kaap proewe op 22-23 Mei. Baie sterkte met die finale proewe.

**5. Skaak**

Baie geluk aan die leerders wat as wenners uit die stryd getree het tydens die interne skaaktoernooi vir seniors:

- **o/11:** 1ste plek – Dewan Hutten**;** 2de plek – Lihan van der Riet**;** 3de plek: Gregor Fouché
- **o/13:** 1ste plek – Simon Barkhuizen**;** 2de plek – Christiaan van Heerden; 3de plek – Juan-Pierre van Rensburg en Lizé Coetzee

Hierdie naweek vind die interne toernooi vir die juniors plaas.

**6. Johann Muller o/11 rugby- en netbaltoernooi**

Volgende naweek vanaf 30 April tot 2 Mei vind die eerste Johann Muller o.11 rugby- en netbaltoernooi by ons skool plaas. Ons is baie opgewonde oor hierdie nuwe inisiatief van ons skool. Verkeie spanne van regoor Suid-Afrika neem hieraan deel en dit beloof om 'n heerlike toernooi met gesonde kompetisie te wees. Dit is vir ons ook 'n groot voorreg dat Johann Muller, Beheerliggaamvoorsitter en oud-Springbokkaptein, ingestem het dat die toernooi na hom vernoem word. Ons glo dat hierdie toernooi nog gaan groei tot 'n groot en prestige toernooi in die land. Almal is welkom om die spanne te kom ondersteun tydens die toernooi.

**7. Koorfees**

Ons jaarlikse Koorfees vind vanaf 5 tot 7 Mei plaas. Kore van regoor die streek het ingeskryf en dit beloof om weer 'n spoggeleentheid te wees. Kaartjies is reeds op *Quicket* te koop – sien die advertensie onderaan. Om die kore hul regmatige tyd te gee, sal buitemuurse bedrywighede op die drie dae beperk word. Ons sal volgende week vir u die aangepaste rooster deurgee.

**8. Rugby- en netbaluitslae**

Uitslae van die rugby- en netbalwedstryde teen Groot-Brakrivier Primêre Skool:
**Netbal:** o/9A wen 10-0; o/10A wen 14-4; o/11A wen 8-5; o/12A wen 12-5; o/13A wen 47-6.
**Rugby:** o/9A wen 30-0; o/11A wen 38-0; o/13A wen 47-5; o/13B wen 33-0.
Van ons C-spanne het ook aan die Viernasies-wedstryde deelgeneem hierdie week en meeste van hul wedstryde gewen. Baie geluk aan al die spanne wat goed gevaar het.

100% Parkies

**9. Skooltye vir 2026**

- Graad RRR, RR en R: 07:30 – 12:15
- Graad 1: 07:30 – 13:00
- Graad 2 en 3: 07:30 – 13:30 (Vrydae – 13:00)
- Graad 4-7: 07:30 – 14:00 (Vrydae 13:15)

**10. Skoolfonds vir 2026**

Maak asb. seker dat u skoolfonds tot op datum betaal is.

- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**



# Omgee is die hartklop van 'n gelukkige wêreld!

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

Karakter is om die regte ding te doen, selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

liefde geduld ondersteunend
versorg
onselfsugtig
bedaga...m
mensli... ...rtig
deer... ...teit
empa...
...egewyd
verdraagsa...
hulpvaardig bemoedigend
genade
vriendelik

"Mense sal dalk vergeet wat jy gesê het, maar hulle sal nooit vergeet hoe jy hulle laat voel het nie.

~ Maya Angelou ~"

OMGEE

100% Parkie

WEES WAARDE WENNERS

# Laerskool Park Koorfees 2026

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

100% Parkie

## Koop nou jou kaartjie aanlyn!

Skandeer hierdie QR-kode om jou kaartjies te koop:

DIE

# Aalwyn

LAERSKOOL PARK WINKEL

# TYE

## Maandae tot Donderdae

## 12:30 tot 14:15

# ONS VERKOOP

## Trotse Park-produkte en tweedehandse skoolklere.

044-691 1020

www.laerskoolpark.co.za

PARK

VOLHARD - PERSEVERE


Danabay Roofing
WATERPROOFING
Protect your home the right way!
Before
After
We specialize in:
Torch-on waterproofing
(Concrete roofs & patios)
Roof waterproofing & repairs
House & roof painting
Building repairs
Damp proofing
And so much more!
Before
Call or Whatsapp for a FREE quote:
073 224 4082 | 044 698 2060
admin@danabayroofing.co.za 8 Grave Street,
Eden Office Park, Mossel Bay, 6500

# BAYCO.

## GLASS AND ALUMINIUM

## NOW UNDER NEW MANAGEMENT







We're proud to introduce a new era at **BAYCO Glass and Aluminium** - with renewed focus on quality, reliability, and service you can count on.

**What you can expect:**
- Fast, reliable turnaround times
- Competitive pricing
- Precision workmanship
- Custom glass & aluminium solutions
- Professional installation teams

Whether you're working on residential, commercial or custom projects, we're ready to deliver results that meet your standards.

**Let's build something great together.**





W W W . B A Y C O . C O . Z A

082 446 5834    sales@bayco.co.za

topshell

**BOOK NOW**
**076 770 4500**

# CONTAINER RENTALS

*George and Mossel Bay*

## OUR RANGE OF HIGH-QUALITY CONTAINER RENTALS:



CONTAINER STORES



UNINSULATED OFFICES



INSULATED OFFICES



8-BED SLEEPER UNITS



HALF ABLUTION



SECURITY HUTS

## CONTACT US NOW FOR OBLIGATION-FREE QUOTE!


**SOUTHERN CAPE LOCATIONS**

16 Bally Crescent, Voorbaai, **Mossel Bay**

11 Ivory Street, Tamsui Industria, **George**

**EMAIL US**

werner@topshell.co.za

rental@topshell.co.za

**CALL US**

071 112 3781

076 770 4500


www.topshell.co.za


Randa Sport
083 390 8000
fb Randa Cycle and Run
Mossel Bay
Jou Hokkie Vennoot!
*Hokkie stokke
*Gloves
*Grips
*Shinguards
*Balls
*Keyrings
*Bags
GRYPHON
15 %
Afslag
vir alle
Parkies !!
UNDER ARMOUR
BROOKS
Marsh Straat 43
( langs OK Minimark)


PARK
VOLHARD - PERSEVERE
LAERSKOOL PARK
NASORGSENTRUM
VANAF JANUARIE 2026
R 900 per maand
13:00 - 17:30
REGISTREER NOU
Navrae: 044 691 1020
Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar


EASTER
Specials
GRAND
VITARA
R15 000
DEAL ASSIST
GRAND VITARA
SUZUKI
Mossel Bay
TAVCOR 044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za
*Model/s shown may vary from actual stock. T's & C's Apply. E & OE. Tavcor Motor Group (Pty) Ltd, an Authorised Financial Service Provider FSP no.10213.
75 YEARS
TAVCOR
MOTOR GROUP
Great Cars. Great People.


EASTER
Specials
DZIRE
FREE
RADIO, ALLOY WHEELS
AND SMASH & GRAB
DZIRE
SUZUKI
Mossel Bay
TAVCOR 044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za
*Model/s shown may vary from actual stock. T's & C's Apply. E & OE. Tavcor Motor Group (Pty) Ltd, an Authorised Financial Service Provider FSP no.10213.
75 YEARS
TAVCOR
MOTOR GROUP
Great Cars. Great People.


EASTER
Specials
FRONX
R10 000
DEAL ASSIST
FRONX
SUZUKI
Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za
*Model/s shown may vary from actual stock. T's & C's Apply. E & OE. Tavcor Motor Group (Pty) Ltd, an Authorised Financial Service Provider FSP no.10213.
75 YEARS
TAVCOR
MOTOR GROUP
Great Cars. Great People.


EASTER
Specials
SUPER
CARRY
R15 000
DEAL ASSIST
SUPER CARRY
SUZUKI
Mossel Bay
TAVCOR 044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za
*Model/s shown may vary from actual stock. T's & C's Apply. E & OE. Tavcor Motor Group (Pty) Ltd, an Authorised Financial Service Provider FSP no.10213.
75 YEARS
TAVCOR
MOTOR GROUP
Great Cars. Great People.